Verw. C-124-61.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,
PRETORIA.
7 Julie 1961.

Dept. Organiese Chemie.

Die Direkteur,
Nasionale Parkeraad,
SANLAM-gebou,
PRETORIA.

Plant material for chemical research

Geagte mnr. Knobel,

Insake: PLANTMATERIAAL VIR CHEMIESE ONDERSOEK.

My departement en na-graadse studente is sedert baie jare besig met die chemiese ondersoek van giftige inheemse plantsoorte, aanvanklik meer beperk tot plante wat verliese onder ons veestapel veroorsaak, maar wat ek graag wil uitbrei tot plante wat verliese ook onder ons wildsoorte mag veroorsaak. Baie van hierdie fisiologies-aktiewe stowwe het ook dikwels belangrike farmakologiese en/of geneeskundige waarde. Ons beoog veral plantspesies van die Transvaalse Laeveld, insluitende die Kruger-Wildtuin asook die Kalahari-Gemsbokpark. Dr. van der Schÿff en Professor Eloff het reeds enige soorte in die veld verken en is bereid om die plante te identifiseer en te help versamel. Ek noem byvoorbeeld Crotolaria-spesies, sowel as nog sekere Senecios en Macrorungia, eersgenoemde behorende tot die peulplante en komposite respektiewelik.

Vir die doel is dit nodig om een of twee maal per jaar 'n paar sakke vol van die betrokke plantsoort te versamel en die goedkeuring en samewerking van u Raad sal hoog op prys gestel word. Hulp in verband met vervoer en akkommodasie sal ook baie waardevol wees (een of twee maal per jaar). Vir die doel van die ondersoek beskik my departement ook oor 'n navorsingseenheid gesteun deur die W.N.N.R. Aangesien ek tot 'n groot mate die prioriteit op bogenoemde soorte geniet, sou ek dit graag wou behou en indien moontlik ook tot ander soorte uitbrei. Ons beoog ons volgende versameling teen November vanjaar.

U gunstige beslissing en antwoord word hoog waardeer.

Met agting en vriendelike groete,

Die uwe,

(Get.)H.L. de Waal.

PROFESSOR H.L. DE WAAL
HOOF - DEPARTEMENT ORGANIESE CHEMIE.

N.S. Ek het reeds 32 wetenskaplike publikasies in internasionale tydskrifte, waarvan verreweg die meeste op die gebied van die aktiewe stowwe van S.A. se giftige plante is.